LAERSKOOL UNIKA
ONS BOU

# inligtingsbrief

Abbotweg, Robindale, Randburg 2194, Privaatsak X6, Pinegowrie 2123
Tel: 011 888 4556, Faks: 011 888 1363 of 086 617 7651, unika@unika.co.za, www.unika.co.za

**21 Oktober 2019 / Nr. 34**

## 1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Ons doen 'n vriendelike, maar dringende beroep op alle ouers om asseblief die **Algemene Jaarvergadering op Dinsdag, 22 Oktober** by te woon. Die skool se begroting word aan die skool se ouers voorgelê en daar moet 'n kworum van 170 ouers teenwoordig wees. Ons sal u teenwoordigheid opreg waardeer. Sien meer inligting by nr.7.

Unika se **swemspan** het op Vrydag, 18 Oktober, aan die eerste swemgala vir die vierde kwartaal by Blairgowrie deelgeneem, en het eerste plek behaal uit vyf skole. Baie geluk, ons is ongelooflik trots op julle en staan vas agter julle vir die volgende galas!

Behalwe vir die rugby –en netbalproewe asook die swemligas, eindig alle **buitemuurse aktiwiteite** die week. Ons kan met groot trots sê dat Unika se prestasies puik was en dat ons 'n goeie 2019 gehad het! Welgedaan aan al ons leerders en dankie vir al jul harde werk en oefeninge wat ingesit is om hierdie jaar 'n sukses te kon maak.

Met die **eksamen** om die draai, moedig ons al die leerders aan om hard te leer en alles in te sit. Doen jul bes, fokus, rus genoeg en sterkte!

Op **Vrydag, 1 November** hou Unika hul laaste fondsinsameling vir die jaar. Hierdie dag gaan 'n groot pretdag wees met waterkaskenades wat nie misgeloop moet word nie. Sien meer inligting oor die dag by nr. 3.

## 2. TOEKENNINGSDAG – 30 OKTOBER 2019

Ons deel graag die volgende inligting met ons ouers en leerders om nodige reëlings te tref:
08:00 – Gr. R-Gradeplegtigheid (alle gr. R-leerders).
10:00 – Gr. 1-3-Toekenningsoggend (alle gr. 1-3 leerders).
18:00 – Gr.4-7-Toekenningsaand (slegs gr. 4-7 leerders wat in kennis gestel word).

Kultuurtoekennings:
Alle kultuurtoekennings vir 2019 se toekenningsaand is ingelees en afgehandel. Die skool dra kennis van musiekeksamens wat nog plaasvind en uitslae wat nog nie aan leerders bekend is nie. Erkenning vir die onafgehandelde musiekeksamens sal in 2020 plaasvind.

## 3. LAASTE FONDSINSAMELING: 2019

Unika se Pretdag is op 1 November en ons sien baie uit na 'n opwindende dag.

Kostes beloop slegs **R100** per leerder.
Betalings kan per EFT gemaak word met die familiekode + pretdag as verwysing. Kaart of kontantbetalings kan by die kantoor by me. Ronel Koegelenberg gemaak word.

Ons neem kennis van die waterkrisis wat Gauteng deesdae beleef en sal die situasie in ag neem en monitor.

Tyd: 11:00 tot 16:00
Snoepie sal beskikbaar wees.
Domus Dei Randburg-Suid sal kosstalletjies voorsien.






## 4. KULTUUR & SPORT

Alle oefentye word op d6 geplaas. Inligting, wedstryde en optredes kan ook op d6 gesien word.
ALLE buitemuurse aktiwiteite eindig op **Vrydag, 25 Oktober**, behalwe vir die rugby – en netbalproewe wat 28-30 Oktober plaasvind (meer inligting hieroor sal volg) asook die swemligas wat elke Vrydag tot 8 November aangaan.

**Atletiek**oefeninge- laaste oefening vir die jaar vind plaas in die week, soos deurgegee op oefenprogram en d6.

**Tennis**

Woensdag, 23 Okt. – Dogters A teen LLG B (weg).
Dogters B teen Bryneven A (tuis).
Donderdag, 24 Okt. – Seuns A teen Crawford Sandton A (weg).
Seuns B teen BPMS A (weg).

**Swem**

Vrydag, 25 Okt. - swemliga by Crawford.

**Koor**

Junior- en seniorkoor - laaste oefening vir die jaar op Donderdag, 24 Okt.

**Skaakoefeninge**

Laaste oefening vir die jaar:
Ontwikkelingspelers: Donderdag, 24 Okt. in mediasentrum 16:00 – 17:00
Gevorderde spelers: Donderdag, 24 Okt. in mediasentrum 17:00 – 18:00

## 5. GROEPFOTO'S

Al die juniorgroepfoto's is op Maandag, 21 Oktober geneem, behalwe die junior-swem en junior-atletiek wat Dinsdag, 22 Oktober saam met die seniors geneem sal word.
Die volgende seniorfoto's word geneem op Dinsdag, 22 Oktober (kultuurfoto's in somerskooldrag en sportfoto's in sweetpakke met BL-drag onderaan):
Swem, Atletiek, Voortrekkers, Redenaars, Skaak, Spreekkoor + Eisteddfod, Seniorkoor + Eisteddfod, Rugby, Netbal, Landloop, Tennis, Krieket en Hokkie.
Kultuurfoto's word eerste geneem, daarna sal al die sportfoto's. Indien leerders vir kultuur en sport afgeneem word, kom leerders eerste in skooldrag skool toe en bring sportdrag in aparte sak saam.

Redenaar 2020: Temas is uit!

Unika se leerders is baie lief vir gesels. Hiermee nooi ons alle leerders om deel te wees van ons interne-redenaarskompetisie en redenaars- interhuis wat vroeg 2020 plaas sal vind. Ons maak gebruik van die ATKV-temas. Inligting oor hoe die redenaars werk en hoe om 'n doeltreffende praatjie te skryf sal binnekort in die nuusbrief verskyn.



## 6. NEA-TOEKENNINGS

Leerders wat toekennings ontvang sal uitnodigings van die NEA per e-pos kry.
Neem solank kennis van die datums. Item-, kategorie- en ambassadeurstoekennings word tydens die geleentheid oorhandig. Medaljetoekennings en top tien word ook aangekondig.
Kaartjies kan by “webticket” te koop word en beloop tussen R60 en R100.

| | | |
|---|---|---|
| JHB NORTH – GR 0-3 (1) | 26 Oct 2019 – 15:00 | Roodepoort Theatre |
| JHB NORTH – GR 4-7 (1) | 26 Oct 2019 – 19:00 | Roodepoort Theatre |
| JHB NORTH – Senior | 29 Oct 2019 – 18:00 | |

| | | |
|---|---|---|
| JHB NORTH – GR 0-3 (2) | 01 Nov 2019 – 15:00 | Roodepoort Theatre |
| JHB NORTH – GR 4-7 (2) | 01 Nov 2019 – 19:00 | Roodepoort Theatre |

## 7. ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Algemene Jaarvergadering sal gehou word op **Dinsdag, 22 Oktober 2019 om 18:00** in die skoolsaal van Laerskool Unika. Ons doen ‘n vriendelike, maar dringende beroep op alle ouers om asseblief hierdie vergadering by te woon. Daar moet ‘n kworum van 170 ouers teenwoordig wees.
Ingevolge Artikel 38 van die Skolewet, moet die begroting van 2020 aan die skool se ouers voorgelê word.
Die volgende punte sal deel vorm van die agenda van hierdie Algemene Jaarvergadering:

- Goedkeuring van 2018 notule.
- Voorgestelde begroting vir 2020.
- Vasstelling van verpligte skoolgeld vir 2020 en goedkeuring daarvan.

Briewe is uitgestuur aan ouers om die skeurstrokies te voltooi en terug te stuur na die oudste/enigste leerder se klasonderwyser voor/op Dinsdag, 1 Oktober 2019. U is welkom om die getekende skeurstrokie terug te e-pos aan carien.cronje@unika.co.za.
Dit sal afgemerk word teen ‘n klaslys vir kontroledoeleindes. Indien daar nie ‘n voldoende kworum teenwoordig is nie, sal daar ‘n tweede vergadering op Dinsdag, 29 Oktober 2019 gehou word.
Ons vra u samewerking in hierdie verband asseblief.

**Spreekkooroptrede: AJV, 22 Oktober om 18:00**

Die gr.2 en gr.3-spreekkore tree tydens die AJV op.
Denims en swart T-hemde soos met Eisteddfod.
Leerders sal briewe ontvang met meer inligting oor die optrede.

## 8. SKOOLGELD 2019 / 2020

2019:

Baie dankie aan ouers wat gedurende 2019 getrou skoolgeld betaal het. Die laaste betaling van 2019 se skoolgeld is betaalbaar teen einde Oktober 2019. U samewerking word opreg waardeer.

2020:

Skoolgeld vir 2020 word by die Algemene Jaarvergadering op 22 Oktober 2019 vasgestel. Ons herinner ouers graag aan die eerste betaling van 2020 se skoolgeld wat R2000 beloop. Ouers word gevra om hierdie betaling teen nie later as 30 November 2019 te betaal nie. Hierdie bedrag vorm deel van 2020 se skoolgeld en sal van die totale bedrag afgetrek word. Ouers wat die bedrag per debietorder wil betaal, word gevra om asb. 'n e-pos aan me. Cronje te stuur by carien.cronje@unika.co.za.

## 9. EKSAMENROOSTER

Die eksamenrooster is tentatief deurgegee en kan nog deur die departement verander. Vir nou, werk ons op die volgende rooster:

# Laerskool Unika

# Eksamenrooster : Vierde kwartaal 2019

| Datum | Graad 4 | Graad 5 | Graad 6 | Graad 7 |
|---|---|---|---|---|
| Vrydag 08 November | | | | Wiskunde |
| Maandag 11 November | PSW | PSW | PSW | Kuns |
| Dinsdag 12 November | NWT | NWT | Engels | NW |
| Woensdag 13 November | | | | SW: Geskiedenis en Geografie |
| Donderdag 14 November | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | EBW |
| Vrydag 15 November | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | Gr. 7 – Afskeid Sun City |
| Maandag 18 November | SW: Geskiedenis | SW: Geskiedenis | SW: Geskiedenis | LO |
| Dinsdag 19 November | | | | Afrikaans |
| Woensdag 20 November | Engels | Engels | NWT | Engels |
| Donderdag 21 November | | | | |
| Vrydag 22 November | SW: Geografie | SW: Geografie | SW: Geografie | Tegnologie |

**EKSAMENREëLINGS:**

- Afbakening word skriftelik aan die leerders gegee. Dit verskyn ook op die webtuiste.
- Eerste sessie studeer die leerders.
- Tweede sessie skryf die leerders.
- Geen “Common exams” word deur gr. 6-leerders geskryf nie.
- Vir navrae aangaande eksamen - kontak eers vakonderwyser, daarna DPS.
- Indien u nog enige verdere navrae het, kontak adjunkhoof en hoof.
- ***NB: NEEM KENNIS DAT LEERDERS HUL HANDBOEKE MOET SAAMBRING VIR KONTROLE (SOOS DEUR DEPARTEMENT VERSOEK WORD).***
- Leerders moet die volgende dag se leermateriaal saambring om te kan studeer.
- Indien leerders nie ‘n vraestel kan skryf nie, moet ouers ’n e-pos of brief stuur aan mee. Angelique Godfrey en Elna van Zyl met die rede vir afwesigheid. Leerders sal dan op die eerste dag wat hulle terug is skryf. Die vraestel sal by me. Dalena Blitenthall in die kantoor wees.

## 10. EKSAMENTYE EN OPLAAI VAN LEERDERS

**Eerste Sessie** – 07:30 - 09:00 (leerders studeer).
**Tweede Sessie** – 10:00 – 12:00 (leerders skryf).
**Gr. R – 3**
12:15 – 12:45 kan leerders afgehaal word, **slegs by hul klasse** deur ouers.
Toesig vir leerders wat agterbly sal wees tot 13:00.
**Gr. 4 – 7**
12:15 – 12:45 kan leerders afgehaal word, **slegs in die vierkant**.
Toesig vir leerders wat agterbly sal wees tot 13:30.

Albei hekke sal oopgesluit wees vanaf 12:15.

Hek in Locksleyweg sal weer om 13:15 sluit waarna slegs die hoofhek in Abbotweg oop sal wees.

Naskool sal normaal voortgaan.

Ons waardeer u samewerking.

## 11. AGT BESTE MANIERE OM EKSAMENSTRES HOK TE SLAAN

## Luister na klassieke musiek

Daar is reeds vele studies gedoen oor die invloed van klassieke musiek op die leerproses. Buiten vir hierdie voordele het klassieke musiek ook 'n fisiologiese invloed op die liggaam deurdat dit bloeddruk verlig wat onmiddellik 'n gevoel van welbehae in die leerling veroorsaak.



## Gaan stap 'n kort entjie

Leerlinge mag dalk voel dat hulle nie tyd het om vir twintig minute op te hou leer nie, maar die voordele van 'n vinnige stappie weeg swaarder as die tyd wat gemors word. Breinskanderings van kinders wat 20 minute aktief was wys 'n duidelike verskil teenoor die wat by hulle lessenaar gesit het. Dit behoort almal te motiveer!



## Slaap genoeg

Dis dalk makliker gesê as gedaan, maar tydens die eksamen sal genoeg nagrus beter wees as 'n deurnag-leersessie. Dit is omdat die brein slaap nodig het om nuwe inligting (wat jy vir die volgende dag wil inprop) om te skakel sodat dit in jou langtermyngeheue vasgelê kan word.



## Omring jouself met positiewe mense

Wanneer jy die oggend by die skool opdaag, maak seker jy vermy vriende wat jou stresvlakke kan verhoog. Dit is ook nie nodig om ná die eksamen agter te bly om met vriende te redekawel oor die vraestel nie. Dit veroorsaak onnodige spanning oor iets waaraan jy niks meer kan verander nie.



## Wees voorbereid

Dit mag dalk vanselfsprekend klink, maar deur betyds voor te berei, help jy jouself om kalm te bly. Stel 'n rooster op sodat jy jou tyd oordeelkundig gebruik en hou by jou skedule. Gee jouself genoeg tyd om tussendeur te ontspan en vroeg in die bed te klim.



## Eet gesond

'n Belangrike aspek om spanning en stres te verminder is om jou liggaam in 'n gesonde toestand te hou. Wisselende bloedsuikervlakke beïnvloed jou energievlakke en kan bydra tot onnodige stres. Vermy items met te veel suiker en koolhidrate. 'n Sjokoladestafie net voor jou eksamen gaan jou geen guns betoon nie. Maak ook seker jy kry genoeg proteïene in die vorm van laevet suiwel, vleis en neute in.



## Drink genoeg water

Onlangse studies wys ook dat water help om senuweeagtigheid te beperk en daar is 'n teorie dat water help om informasie tussen breinselle te laat vloei. Leerders wat toegelaat word om water te drink tydens die eksamensessie, kan tot 10% beter vaar.



## Leer in 'n skoon area

Nie net sal dit ouers se harte blymaak nie, maar deur in 'n skoon, netjiese vertrek (of selfs net lessenaar) te leer hou baie voordele in. Te veel items op 'n lessenaar trek jou aandag af en maak dit moeiliker om te konsenteer wat maklik tot stres kan lei. 'n Mens se brein word vinnig moeg en verward wanneer dit gebombardeer word met 'n magdom stimuli.

### 12. GR.7-UITREIK

Die gr.7K-klas het Vrydag hul gemeenskapuitreik gehad na Zandspruit Laerskool waar hulle 2de-handse Engelse boeke aan hul biblioteek geskenk het en ook twee bome geplant het. Die leerders het gesamentlik 'n NW-klas bygewoon en kon lekker gesels oor die komende eksamen. Dankie aan al die gr. 7K-ouers, leerders en mnr. Paul wat hierdie geleentheid moontlik gemaak het.










## 13. PROSEDURES VIR E-POSSE AAN PERSONEEL

*Neem asb. kennis van die prosedures van e-posse aan personeel:*

*Alle* ***sportverwante sake*** *- sport@unika.co.za*

*Alle* ***akademiese sake*** *– Eerste aan vakonderwyser en vir gr. R-3 "cc" vir Estie Pansegrouw (estie.pansegrouw@unika.co.za) en vir gr. 4-7 "cc" vir Angelique Godfrey (angelique.godfrey@unika.co.za asook vir Elna van Zyl (elna.vanzyl@unika.co.za).*

*Alle* ***graadverwante sake*** *– Stuur e-pos aan graadvoogde:*

*Graad R: Charlene Fourie (charlene.fourie@unika.co.za)*
*Graad 1: Corlia Meyer (corlia.meyer@unika.co.za)*
*Graad 2: Charlotte Otto (charlotte.otto@unika.co.za)*
*Graad 3: Gretchen van der Merwe (gretchen.vandermerwe@unika.co.za)*
*Graad 4: Estelle Els (estelle.els@unika.co.za)*
*Graad 5: Zani Geldenhuys (zani.geldenhuys@unika.co.za)*
*Graad 6: Belinda Swanepoel (belinda.swanepoel@unika.co.za)*
*Graad 7: Neal Stevenson (neal.stevenson@unika.co.za)*

*Enige* ***ander sake (bv. Siekte, laat kom, algemene navrae ens.)*** *– (ontvangs@unika.co.za)*

***Graag versoek ons u as ouer om afsprake per e-pos te maak en NIE in skooltyd of ongeleë tye by 'n onderwyser op te daag om u kind / 'n saak te bespreek nie. Ons help graag en sal altyd tyd maak om met u te kommunikeer, maar is seker u sal verstaan dat kontaktyd met leerders voorkeur kry. Let wel dat ouers nie direk na klaskamers mag gaan om onderwysers te spreek nie. Ons waardeer u samewerking.***

## 14. DISSIPLINE-BELONINGSTELSEL

Dissipline is baie belangrik en daarom het Unika dit goedgedink om 'n ernstige dissiplinestelsel te implementeer. Die stelsel sal voluit in 2020 in werking tree, maar ons sal reeds in hierdie kwartaal begin om die stelsel op die proef te stel. Ons waardeer u samewerking en glo dat u as ouer saamstem dat dissipline gehandhaaf moet word.

Besonderhede soos volg:

### Dissipline-beloningstelsel 2020

**Positiewe (ontvang 'n Unika-knopie):**

1. Netheid (+1)
   - Klaswerk
   - Voorkoms
2. Respek (+1)
   - Maats
   - Personeel
   - Besoekers
   - Stiptelikheid
3. Opreg (+1)
   - Eerlikheid
   - Bedagsaamheid
   - Hulpvaardigheid
4. Maniere (+1)
   - Gehoorsaamheid
5. Trots
   - Moet vier knopies hê om 'n Unika-Trotsknopie te kry.

**Negatiewe:**

**Algemene oortredings:**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Huiswerk en taakopdragte | -1 |
| 2. | Laatkom – Departementele vereiste | -1 |
| 3. | Voorkoms | -1 |
| 4. | Kru-taal | -2 |
| 5. | Arrogante en onbeskofte optrede | -2 |
| 6. | Ontwrigting van klas | -2 |
| | **Ernstige oortredings:** | |
| 7. | Bakleiery | -3 |
| 8. | Diefstal | -3 |
| 9. | Oneerlikheid – toetse en eksamen | -3 |
| 10. | Vandalisme | -3 |

**Gevolge van negatiewe punte:**

Indien 'n leerder enige negatiewe punte vir die week ontvang het, kom die leerder nie in aanmerking vir die knopies nie.

**1. Negatiewe punte (Algemene oortredings: 1-6):**

- 10 Punte: Leerder ontvang 'n brief waarin die ouers in kennis gestel word van gedragsprobleme.
- 20 Punte: Leerder ontvang 'n geel brief. Daar word 'n onderhoud gereël deur die graadvoog en betrokke personeel.
- 30 Punte: Leerder ontvang 'n rooi brief. Onderhoud word gereël met die hoof.
- 50 Punte: Leerder mag nie die opvoedkundige toere bywoon nie / gr. 7-leerder word ook nie toegelaat om die gr.7-afskeid by te woon nie.
- Meer as 50 punte:
- **Moontlike skorsing vir 'n week, waartydens die leerder berading moet kry en die ouers bewyse van die berading moet lewer. Moet toestemming by die departement kry voor enige leerder geskors kan word.**

**2. Negatiewe punte (Ernstige oortredings: 7-10):**

- 3 Punte – Leerder ontvang 'n geel brief. Onderhoud word deur die graadvoog en betrokke personeel gereël.
- 6 Punte – Leerder ontvang 'n rooi brief. Onderhoud word met die hoof gereël.
- 9 Punte – Leerder mag nie die opvoedkundige toer bywoon nie. Gr. 7-leerder mag ook nie die gr.7-afskeid bywoon nie.
- Meer as 9 punte – **Moontlike skorsing vir 'n week, waartydens die leerder berading moet kry en die ouers bewyse van die berading moet lewer. Moet toestemming by die departement kry voor enige leerder geskors kan word.**

## 15. KRITERIA VIR AKADEMIESE PRESTASIES GRAAD 4-7

**Erekleure**

1. Leerareas **Gr. 7 : AFR., ENG., WISK., SK, SW., EBW., TEG., LO., NW.**
   Erekleure word toegeken aan leerders wat die volgende behaal het:
   (i) Akademiese blou erekleure : 2 – 4 x A's (80% – 89%) en gem. van 80%
   (ii) Akademiese silwer erekleure : 5 – 6 x A's (80% – 89%) en gem. van 80%
   (iii) Akademiese goud erekleure : 7 – 8 x A's (80% – 89%) en gem. van 80%
   (iv) Akademiese lourier erekleure: 8 x A's (90% en bo) vir al die vakke **uitsluitend** die vakke (LO en BL) wat nie deurlopend toetse skryf nie, maar slegs eksamen en gem. van 90%

2. **Gr.7 :** Slegs die volgende ***akademiese promosievakke*** is van toepassing:
   **AFR.** : Afrikaans
   **ENG.** : Engels
   **WISK.** : Wiskunde
   **SW.** : Sosiale Wetenskappe
   **NW.** : Natuurwetenskappe
   **TEG.** : Tegnologie
   **SK.** : Skeppende Kunste
   **EBW.** : Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe
3. Leerareas **Gr. 4 – 6 : AFR., ENG., WISK., LO., SW., NWT**
   Erekleure word toegeken aan leerders wat die volgende behaal het:
   (i) Akademiese blou erekleure : 2 – 3 x A's (80% – 89% ) en gem. van 80%
   (ii) Akademiese silwer erekleure : 4 x A's (80% – 89%) en gem. van 80%
   (iii) Akademiese goud erekleure : 5 A's (80% – 89%) en gem. van 80%
   (iv) Akademiese lourier erekleure: 5 x A's (90% en bo) vir al die vakke **uitsluitend** die vak (Lewensvaardigheid) wat nie deurlopend toetse skryf nie, maar slegs eksamen en gem. van 90%
4. **Gr. 4 – 6 :** Slegs die volgende **akademiese promosievakke** is van toepassing:
   **AFR.** : Afrikaans
   **ENG.** : Engels
   **WISK.** : Wiskunde
   **SW.** : Sosiale Wetenskappe
   **NWT.** : Natuurwetenskap en Tegnologie


La Couronne Dental Care

**Tandarts /Dental Surgeon**

**Dr. Ryno de Vos**

**011 792 2555/6**

info@lacouronnedental.com

168 Oak Ave, Ferndale Ridge, Randburg

LA COURONNE

"We can't wait to see your Smile!"

## Vaksakkies: 2020

- 6 sakkies teen R250
- 10 sakkies teen R380

## Spesiale aanbod vir Unika leerders:

- 7 sakkies teen R285

Gebruik die verwysing FFunika saam met u bestelling.



Borduurwerk kan op aanvraag gedoen word.

Daar is ook 'n "stars and stripes" reeks beskikbaar.

Gaan loer gerus op Facebook by @ForeverFabricSA

E-pos foreverfabric.info@gmail.com
Kontak: 074 580 6345 / 079 525 3618

Te Koop: **Perfekte gesinshuis** baie naby aan Laerskool Unika geleë. Die huis bied verskeie moontlikhede van 'n woonstel vir ouma of oupa tot private tiener blyplek of ekstra inkomste-genererende huisie. Die lapa-area, met Jacuzzi en ingeboude braai, oopplan-kombuis met afsonderlike opwaskamer en drie motorhuise is maar van die huis se uitsonderlike eienskappe.
Vir meer inligting kontak Clare by 073-741-7273 of clare.hogan@pamgolding.co.za



HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

**Hoërskool Randburg Magneetskool vir Musiek**
benodig dringend die dienste van 'n gekwalifiseerde musiekonderwyser.
(klavier en 'n tweede instrument word aanbeveel)

---

Besonderhede:

1. Diensaanvaarding: Januarie 2020.
2. Salaris volgens departementele diensskale. (GDO-pos)
3. SACE registrasie en bereidwilligheid om uitreikskole te besoek, word vereis.
4. Stuur asseblief CV aan sariejacobs@me.com
5. Kontak me. Sarie Jacobs 082 853 6704 vir meer inligting.
6. Sluitingsdatum: 11 Oktober 2019.


VERLOOP BUILDING

ALEX VERLOOP

083 400 2766 / 011 792 5429

abwverloop@gmail.com

www.verloopbuilding.co.za

www.facebook.com/VerloopBuilding/

QUALITY AND EFFICIENT WORKMANSHIP GUARANTEED

We are specialists in Building alterations, Revamping Bathrooms and Kitchens, Painting, Roof repairs, Paving, Rhino light, Tiling/cladding, Water and Damp proofing, Ceilings and ceiling repairs, Small electrical work, Plumbing, Carpentry and door repairs or replacement.

FAMISHED
Family Food

"FOR MUMS WHO WANT GOOD NUTRITION FOR THEIR FAMILIES, BUT DON'T HAVE THE TIME".

# PRICELIST

MEALS FOR FOUR

## BEEF

COTTAGE PIE (1L) | R180
LASAGNE (1L) | R250
LIGHTLY CURRIED STEW (2KG) | R320
BOLOGNAISE MIX | R250
FRIKKADELLE & GRAVY | R250
CHILLI CON CARNE (1KG) | R250
BURGER PATTIES | R300
GOULASH (2KG) | R340

## CHICKEN

BENGAL CHICKEN | R280
THAI GREEN CURRY | R280
TASTY CHICKEN | R300
CHICKEN CABBAGE BAKE | R130
INDIAN CHICKEN STEW | R310

## FISH

TUNA MACARONI BAKE | R250
SARDINE PIE | R165
CABBAGE & TUNA BAKE | R130

## PORK

SAUSAGE CASSEROLE | R195
BACON, MAC & CHEESE | R240
PORK & STIR FRY VEGGIES | R250
GOULASH | R300

## EXTRA'S

HOMEMADE RUSKS (PACKET OF 12) | R65

## VEGETABLES

PUMPKIN PIE | R90
SWEET POTATO MASH 600G | R40
BUTTERNUT MASH 600G | R40
PUMPKIN 600G | R40
OLD STYLE BEANS 600G | R40
POTATO MASH 600G | R40
CABBAGE & CARROT 600G | R40
MIXED ROAST VEGGIES 500G | R50
SPINACH AND POTATO 600G | R40
ASIAN GREENS | R55
CAULIFLOWER RICE | R60
CARROT STICKS 400G | R25

## INFO

- PORTIONS ARE FOR FOUR ADULTS
- HALF PORTIONS AVAILABLE
- INDIVIDUAL PORTIONS OF THAI CURRY, CHILLI CON CARNE & BOLOGNAISE MIX CAN BE ARRANGED
- PRICES MAY VARY DUE TO INCONSISTENT RETAIL PRICES
- HIGH QUALITY MEATS & SEASONAL VEGETABLES FOR OPTIMUM NUTRITION



**ORDERS:**

Suerene Griffiths
familyfamished@gmail.com
079-777-6424




**FOR SALE**

**1 Beech Ave Robin acres: Offers from R2750000**

**One of a kind, this beautiful upmarket, immaculate home offers a perfect lifestyle!**

4 bed, 2 bath, 2 lounges, upmarket kitchen, pool, sauna, top class security plus **full house automated 20 kw generator.**

Staff accommodation [and plenty cost saving extras).

(Website: https://www.property24.com/for-sale/robin-acres/randburg/gauteng/4511/107095272)

**VIEW BY APPOINTMENT OR ENQUIRE FOR NEXT SHOW DAY: CINDY: RAWSON PROPERTIES. CELL: 0829279629**

RAWSON Property Group


OKTOBER
Fest
26 Oktober 2019
DOMUS DEI RANDBURG-SUID
(Jeanweg 30, Blairgowrie)
13:00 – 22:00
BIERTUIN • KOS STALLETJIES • BESPREEKTE ETE
HOPE KINDER VERMAAK!
Waterglybane • Springkastele • Tombola • Pryse te wen!
★ ★ ★
KOSTE R25, KINDERS ONDER 12 GRATIS
Kaartjies beskikbaar by www.quicket.co.za